HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

28 September 2020

Liewe ouers, leerders en personeel

Ek vertrou dit gaan goed met julle en dat julle julleself oppas. Hier by die skool gaan dit goed en dit voel of ons nader aan die "nuwe" normaal beweeg. Baie sterkte aan elkeen wat as gevolg van die pandemie en grendelperiode onder swakker omstandighede is. Baie sterkte aan die wat siek is en die wat geliefdes het wat siek is en aan die dood afgestaan het. Wees verseker van ons ondersteuning. Indien ouers weet van ouers en leerders wat sukkel om die huidige omstandighede te hanteer, moet julle vir ons in kennis stel. Ons sal graag ondersteuning wil gee.

Graag bring ek die volgende onder julle aandag:

1. **Vlak 1**
   Na aanleiding van President Ramaphosa se aankondiging op 14 September, die gepaardgaande direktiewe van die onderwysdepartement en die afhandeling van die sillabus gee ek die volgende inligting.
   1.1. **Rooster:** Ons gaan nie van die 9-dag siklusrooster, soos in die eerste kwartaal gebruik maak nie. Ons het besluit om 'n alternatiewe rooster te gebruik, soos wat ons die afgelope drie maande gedoen het.
   Die redes vir die besluit is die volgende:
   - In die eerste plek is die skool veiliger as ons twee grade op 'n slag laat skool gaan en 'n ander graad toetse of eksamens skryf. In die aangehegte rooster sal julle sien dat die gr. 10's en 11's saam skool het en die 8's en 9's saam skool het. Die matrieks skryf eksamen en as hulle klaar met hulle eksamen is, begin die res van die skool met 'n toetsreeks.
   - Baie leerders het as gevolg van die veranderde rooster nuwe onderwysers in sekere vakke gekry. Dit is 'n ontwrigting vir leerders om by 'n ander onderwyser klas te kry. Ons wil graag nie weer leerders aan die ontwrigting bloot stel nie.
   - Die vakonderwysers het aangedui hulle vorder beter met die skoolwerk in die langer periodes. Alle vakke het aangedui hulle sal met die rooster wat ons op besluit het, die werk betyds kan afhandel. Sommige vakke het selfs tyd vir hersiening.

   1.2. **Vierde kwartaal:** Die vierde kwartaal begin op Maandag 2 November. Na deeglike oorweging van die afhandeling van die sillabus en die veiligheid van leerders het ons besluit die gr. 10- en 11-leerders in oggend te laat skool gaan. Hulle gaan vanaf 07:00 skandeer en hulle klasse begin 07:30. Hulle verdaag 11:50. Die gr. 8- en 9-leerders skandeer vanaf 11:30 in en hulle klasse begin 12:05 en hulle verdaag om 14:10.

   1.3. **Eind-eksamen:** Die gr. 10- en 11-leerders se eksamen begin Maandag 16 November. Die gr. 8's en 9's het 16 – 18 November vanaf 07:00 tot 12:30 skool. Hulle eksamen begin 19 November.

1.4. **Ko-kurrikulêre aktiwiteite**

Die beheerliggaam het besluit dat sport- en kultuuroefeninge mag van Maandag 28 September begin. Afrigters, leerders en ouers moet asseblief by die Covid-regulasies hou. Ouers wat kom kyk hoe hulle kinders oefen, moet ten alle tye 'n masker dra en ten minste 1 meter sosiale afstand handhaaf.

1.5. **Prysuitdeling** vind op Dinsdag 15 Oktober 2020 plaas. Daar was baie minder aktiwiteite in 2020 en daarom sal daar ook hoofsaaklik akademiese pryse toegeken word.

2. Personeel

Mevv. Amanda van der Merwe, Stef Janse van Vuuren en Elizza Kaplan het bedank. Ek wil hulle graag bedank vir die baie goeie werk wat hulle by Hoërskool Outeniqua gedoen het. Baie sterkte en ons vertrou dat julle in julle nuwe omgewing net so 'n groot bydrae soos by Hoërskool Outeniqua gaan maak.

Mnr. Hendrik Smit, mejj. Mari Coetzee en Lisie Theron kom in hulle plekke. Baie sterkte aan die kollegas wat in ongewone tye moet kom skool hou.

3. Finansies

'n Groot groep ouers van die skool betaal elke maand hulle kinders se skoolgeld. Die beheerliggaam en personeel is baie dankbaar dat hierdie ouers hul finansiële verpligting teenoor die skool nakom. Dit verseker dat ons gehalte onderrig en geleenthede aan ons leerders kan bied. Ons verstaan dat as gevolg van die pandemie baie ouers finansieel swakker daaraan toe is.

Daar is egter 'n groep ouers wat nie hulle kind(ers) se opvoeding bo-aan hul finansiële prioriteitslys plaas nie. Ons ontvang al hoe meer aansoeke vir vrystelling, waar ouers luukshede soos DSTV en etes by restaurante belangriker ag as om skoolgeld te betaal. Hierdeur skuif hul hul verpligting af op ander ouers. Ons rig hiermee 'n dringende versoek aan ouers wat wel kan betaal, om asseblief hande te vat met die ander ouers van die skool, en saam Hoërskool Outeniqua se toekoms versterk.

Die wet bepaal dat as die skool enige vorm van 'n lening of huurkoop aangegaan word, die beheerliggaam die ouers in kennis moet stel. Die beheerliggaam het die volgende goedgekeur en stel julle as ouers in kennis:

3.1. As gevolg van die pandemie, het ons twee koshuise baie inkomste verloor en lopende kostes moet steeds betaal word. Om die kontantvloei te bestuur, het die beheerliggaam besluit om aansoek te doen vir 'n oortrokke fasiliteit van R500,000. Dit sal help om die kontantvloei te bestuur tot tyd en wyl die koshuise weer vol is.

3.2. Verder is 'n nuwe finansieringskontrak geteken vir die afrolmasjiene. Die kontrak is vir 5 jaar met 'n bedrag van R4,166,040. Naas salarisse, vrystellings en die vervoerrekening, is hierdie die skool se grootste uitgawe. In die verlede moes masjiene vervang word voordat die termyn verby was, wat gelei het tot 'n opgeblaasde bedrag. Konica Minolta het ons egter verseker dat hul masjiene vir die volle 5 jaar op volle kapasiteit sal kan hardloop. Dus sal hierdie uitgawe aansienlik afneem wanneer 'n nuwe kontrak weer aangegaan word oor 5 jaar.

3.3. Ons herinner ouers weer dat ons kontant op die skoolterrein wil beperk en vra dat die volgende metodes van betaling gebruik word:

- Karri-App,
- debiet- of kredietkaart, en of
- elektroniese fonds oorplasings
- U kan wel kontant betalings by 'n FNB outobank direk in die skool se rekening maak

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Skoolbestuur en die beheerliggaam werk hard om die finansies van die skool gesond te hou, juis nou meer, te midde van die pandemie en 'n baie onsekere toekoms in die onderwys. Weereens baie dankie aan ons ouers – saam sal ons sterk aan die ander kant uitkom.

4. **Kalender 2021**
   Die kabinet het nog nie die kalender vir 2021 gefinaliseer nie. Daar is ook kalenders wat die rondte doen, wat nie deur die kabinet goedgekeur is nie. Tans werk die skoolbestuur op die volgende datums:
   - Eerste kwartaal: 25 Januarie (Skole begin vir onderwysers) 27 Januarie 2021 skole begin vir die leerders. Skole sluit op 30 Maart 2021.
   - Tweede kwartaal: 13 April tot 25 Junie.
   - Derde kwartaal: 13 Julie tot 23 September.
   - Vierde kwartaal: 5 Oktober tot 10 Desember.

Die datums is egter nog nie in 'n staatskoerant gepubliseer nie en kan dus verander.

Kwagga groete!

C. P. Vorster
Skoolhoof